**APIESRIVIER LANDELIKE**
**Brand Beskermingsvereniging**
*- Uit die Gemeenskap, vir die Gemeenskap -*
*(Reg no: 1743/01)*
**Sel: 084 952 2882**
**E-posadres : info@apieslbbv.co.za www.apieslbbv.co.za**

# HOEKOM LID WORD VAN 'n BBV

## AGTERGROND

Veldbrande is 'n toenemende bron van kommer elke jaar tydens die wintermaande. Die brande veroorsaak noodtoestande en kan rampe tot gevolg hê. Maar terselfde tyd is grasbrande natuurlik en gebeur as deel van die normale proses in grasvelde, plantasies, fynbos en ook by natuurlike woude. Veldbrande is 'n groot probleem aangesien dit 'n risikio het op lewe, eiendom en die omgewing. Die ekosisteem word elke keer beskadig tydens 'n brand. Dit is belangrik om te weet hoe om veldbrande te voorspel, voorkom, beheer, te blus en te bestuur.

## APIESRIVIER LANDELIKE BBV

**APIESRIVIER LANDELIKE BBV** het tot stand gekom kragtens die bepalings van **artikel 3 van die Nasionale Wet op Veldbrande, Wet 101 van 1998**. Genoemde Wet bepaal onder andere dat eienaars 'n vereniging kan vorm met die doel om veldbrande te voorspel, voorkom te bestuur en te blus

Die Minister van Departement Waterwese & Bosbou het die Konstitusie en Besigheidsplan aanvaar, en sy goedkeuring gegee vir die **registrasie van die APIESRIVIER LANDELIKE BBV op 23 Maart 2006.**

## FUNKSIES VAN DIE BBV

- Die Nasionale Wet op Veldbrande, 1998 bepaal, onder andere dat alle eienaars in 'n gebied waar 'n BBV gestig is **die reg het om by die BBV aan te sluit** mits hulle onderneem om by sy grondwet en reëls te hou.

- Die bepalings van Wet 101 van 1998 is op **alle eienaars van toepassing**, of hulle lede van die BBV is of nie.

**Die Funksies van die BBV is kortliks soos volg:**

- Lê minimum standaarde neer, waaraan alle lede moet voldoen m.b.t alle aspekte van brandvoorkoming en gereedheid vir brandbestryding;

- Reguleer beheerde brande ten einde ekosisteme te bewaar en die gevaar van brande te verminder;

- Reguleer enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die BBV om sy doelwitte te bereik;

## GRONDEIENAARS

- Ingevolge die bepalings van Wet 101 van 1998 het die begrip *"eienaar"* dieselfde betekenis as in die gemenereg en sluit ook in huurder of ander persoon wat die onderhewig grond beheer ingevolge 'n kontrak, testamentêre dokument, wet of bevel van 'n Hoë Hof. In die geval van Staatsgrond wat nie deur 'n persoon soos hierbo vermeld beheer word nie, word die betrokke Minister, of die persoon deur hom of haar gemagtig, geag die eienaar van die grond te wees

- Volgens Wet 101 van 1998, indien die eienaar nie aan 'n BBV behoort nie, word hy verplig om **sy eie brandtoerusting en personeel 24uur per dag, 7** dae per week beskikbaar te hê op sy eiendom indien 'n brand sou ontstaan of versprei

- **Vuur in die opelug** is enige vuur wat nie binne 'n gebou of struktuur is nie. Maar nie 'n vuur wat in 'n gebied is wat spesifiek vir daardie vuur aangewys is nie bv. boma, braai- of kosmaakplek. Dit beteken enige vuur buite 'n aangewese en veilige vuur maak plek. 'n Asgat, asdrom, ens. is nie 'n aangewese vuur maak plek nie. Die brand van alle vullis word steeds verbied deur ander wetgewing, omgewings-, gesondheidswetgewing en munisipale verordeninge (By-laws)

## BRANDSTROKE (Met verwysing na: Wet op Veldbrande Wet 101 van 1998 - Hoofstuk 4)

- Die hoofdoel van brandstroke is om toeganglikheid tot die terrein te verseker. Tweedens bied 'n plek vanwaar 'n moontlike teenbrand gemaak kan word. Derdens kan dit help om 'n brand te blus en verspreiding te voorkom.
- Ingevolge die bepalings van Wet 101 van 1998 moet elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand kan ontstaan of oor wie se grond dit kan versprei, **'n brandstrook maak, en instandhou** aan sy of haar kant van die grens tussen sy of haar grond en enige aangrensende grond.
- Die **term brandstrook** verwys na 'n **area wat skoongemaak** is om te verhoed dat brande van een gebied na 'n ander versprei. Brandstroke hoef nie noodwendig gebrand te word nie, maar kan ook gesny, geskraap of met onkruiddoder bespuit word.
- **Die brandstrook moet vry wees van enige brandbare materiaal.**
- Lede van **Apiesrivier Landelike BBV** moet **twee punt vyf (2.5m) meter breë brandstroke op alle grense** van sy eiendom aanbring en instandhou.
- Al het 'n Eienaar aan al die bepalings van die Wet voldoen, **mag hy nie 'n brandstrook brand nie**, indien:
  - die BBV teen die voorgestelde brand beswaar maak; of
  - 'n waarskuwing ingevolge genoemde Wet gepubliseer is omrede die brandgevaar in die streek hoog is; of
  - die toestande nie bevorderlik vir die brand van brandstroke is nie

## VOORBEREIDINGSTYD VAN BRANDSTROKE
**(Met verwysing na: Wet op Veld- en Bosbou brande Wet 101 van 1998 - Hoofstuk 4)**

- Indien eienaars beoog om **brandstroke te brand**, moet voorbereiding tussen **1 April en 1 Mei** geskied
- Indien die eienaars die brandstroke tussen 1 Mei en 31 Oktober wil brand moet **skriftelike aansoek** by die BBV gedoen word vir 'n **permit.**

## OOREENKOMSTE TUSSEN BURE TYDENS DIE MAAK VAN VOORBRANDE
**(Met verwysing na: Wet op Veld- en Bosbou brande Wet 101 van 1998 - Hoofstuk 4)**

- Eienaars wat beoog om brandstroke te brand moet onderling aanvaarbare datum(s) met eienaars van aangrensende eiendom bepaal om dit te doen en ook die BBV skriftelik daarvan verwittig.
- Indien 'n onderlinge aanvaarbare datum met eienaars van aangrensende eiendom nie bereik kan word nie, moet die eienaar wat die brandstroke wil brand sy bure veertien (14) dae skriftelike kennis gee van sy voorneme om brandstroke te brand.
- Eienaars van aangrensende grond kan ooreenkom dat 'n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens tussen hulle eiendom gemaak kan word.
- Indien eienaars ooreengekom het op 'n datum om brandstroke te brand, of 'n eienaar veertien (14) dae kennis gekry het van sy bure dat 'n brandstrook gebrand gaan word, moet hulle op dieselfde dag brandstroke op hulle gemeenskaplike grense brand. Al die betrokke eienaars moet teenwoordig wees tydens die brand van brandstroke of verteenwoordiging daar hê.
- Daar moet ook verseker word dat voldoene brandtoerusting en persone teenwoordig is om te voorkom dat die vuur versprei indien die brandstrook gebrand word.

## ALGEMENE REëLS VIR DIE GEBRUIK VAN VUUR

- Piekniek- en kampvure : mag slegs aangesteek word in 'n permanente vuurmaakplek omring deur grond wat geen vlambare stowwe binne 'n afstand van twee punt vyf (2.5m) meter bevat nie, en mag nie sonder toesig gelaat word tot dit heeltemal geblus is nie
- **<u>GEEN</u>** asgate, asblikke & tuinafval mag gebrand word nie.
- Rook : Geen persoon mag 'n brandende sigaret, vuurhoutjie of enige voorwerp wat brand laat val of neergooi nie. Geen persoon mag 'n sigaret aansteek of 'n brandende sigaret dra binne 15meter van enige mied, graan, hooi, strooi of enige gesaaide, droë gras of oorblyfsels van gesaaides en afgekapte bome of struike nie
- **<u>GEEN</u>** buitebande, skrootmetaal, motorwrakke, kabels ens. mag gebrand word nie.

## BOETES

**Stywe boetes of tronkstraf of beide kan opgelê** word indien eienaars skuldig bevind word aan oortredings van Wet 101 van 1998. Dit is belangrik om kennis te neem dat eienaars wat in gebreke bly om redelike stappe te neem om 'n vuur te blus op sy grond of om te verhoed dat dit versprei of nalaat om te keer dat dit eiendom of aangresende grond beskadig, is skuldig aan oortreding van bogenoemde wet.

## LIDMAATSKAP & -VOORDELE

- Enige eienaar van grond binne die grense van **APIESRIVIER LANDELIKE BBV**, kan lid word.
- Slegs die eienaar het stemreg op die Algemene Jaar Vergadering.
- Lidmaatskapfooi is betaalbaar op **1 April van elke jaar**.
- Lede kan korting by hul versekeringspremie as BBV-lid aanvra.
- Lede het toegang en gebruik van **APIESRIVIER LANDELIKE BBV** se toerusting.
- Lede, families en werkers kan deelneem aan die brandopleiding wat van tyd tot tyd aangebied word.
- Lede kry ondersteuning vanaf **APIESRIVIER LANDELIKE BBV** om 'n vertoë te rig en 'n dispuut te verklaar indien die lid 'n rekening vanaf die Brandweer ontvang.
- Lede kry voorkeur tydens 'n brand.
- Lede word **nie** gefaktureer vir 'n uitroepfooi van R750.00 deur **APIESRIVIER LANDELIKE BBV nie.**

## LEDEGELDE 1 April – 31 Maart

**Die ledegeld is soos volg:**

| | | |
|---|---|---|
| Eenmalige aansluitingsfooi | - | R50.00 |
| 0-50 ha | - | R400.00 per jaar |
| 50 ha en meer | - | R66.50 per 50 ha of gedeelte daarvan per jaar |

**Bankbesonderhede:**
**Apiesrivier Landelike BBV, ABSA Pretoria-Noord, Tjekrekening 406 5739 353,**
**Verwysing: Van & Plot no**

## ALGEMEEN

- **APIESRIVIER LANDELIKE BBV** **bestuur is NIE** verantwoordelik om brande **te blus NIE**, maar kan dit koördineer
- Lede van **APIESRIVIER LANDELIKE BBV** het toegang tot die gebruik van brandblustoerusting, bv. Brandkarretjies, -slaners, rugsakspuite, hulp (indien beskikbaar) ens.

- Indien jy **nie 'n lid** van **APIESRIVIER LANDELIKE BBV** is nie kan die BBV weier om te help om 'n brand te blus.
- Indien **APIESRIVIER LANDELIKE BBV** wel hulp verleen sal 'n rekening aan 'n **nie-lid** gestuur word. Die uitroepfooi beloop R1 200.00 – ongeag of die brand suksesvol geblus word of nie. Die rekening is onmiddelik betaalbaar deur die **nie-lid**.

# APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

se telefoonnommer is :

# 084 952 2882